

Onthou:

**Môre
Bederfdag
R10**

**Gradeplegtigheid
17 November**

**Kyk weer:
Finale
Konsertbrief
(Nuusbrief 3)**

**Kos
kaartjies**

**Laaste
Nuusbrief**

Konsertreëlings:



Volgende week hou Tjokkies konsert!

Kyk asseblief weer na die finale **Konsertbrief** wat u verlede week ontvang het!



Koskaartjies:

Kom koop asseblief voor **Maandag (13:00)** u koskaartjies vir die Kerrie-en-rys, ons sal graag die getalle wil bepaal. Daar sal ook sap en 'n soetheid uitgesit word vir almal om te geniet. U hoef nie vir u kleuter 'n koskaartjie te koop nie!

Kostuums:

Al die kleuters het kostuums ontvang, behalwe enkele rolle wat dit eersdaags sal kry. Hou dit asseblief netjies en gereed vir die vertonings. Kom vra gerus as u onseker is oor enige iets rakende die kostuums. Die kostuums bly die skool se eiendom en word na die aandvertoning in die klasse gelos.

Bring asseblief die "zip-lock"-sakkie vir ons terug.

Die kleuters ontvang eers Donderdagaand vir die massa-item hul T-hempie. Hul kan daarmee huistoe gaan en dit bly u eiendom.



Foto/DVD Bestellings:

Die bestellings geskied in die week na die konsert. Hou die bestelkoeverte wat hierby ingesluit is byderhand vir die doel.

Foto CD: Jaarfoto's 2016

Saam met die bestellings word daar 'n foto CD beskikbaar gestel wat honderde foto's bevat van die hele jaar. Dit is onder andere foto's van uitstappies, spesiale dae, normale leeraktiwiteite, verjaarsdaggies ensovoorts. Ons het probeer dat al die kleuters êrens op 'n foto is.



Hierdie CD sluit NIE konsert foto's in nie!



Geskenkbydrae

Ons sal bly wees as hierdie vrywillige bydrae vir Juffrou Anna-Marie se afskeidsgeskenk voor/op **Maandag, 7 November** in die posbussies kan wees, sodat ons kan voortgaan met die projek! Baie dankie vir koevertjies wat reeds ontvang is.



Kleuterafsluiting



Ons wil graag Woensdag, 23 November 'n spesiale groet-dag reël om dankie te sê vir 'n lekker jaar, mooi konsert en vir die lieflike kleutertjies wat hulle hierdie jaar was. Op die dag bederf ons hulle met 'n heerlike draairoomys en elke kleutertjie mag dan ook EEN speelding van die huis af saambring.

Groet-tyd

Die jaar is om en ons is dankbaar vir 'n vol en geseënde skooljaar by Tjokkies. Mag u en u gesin 'n vreugdevolle feesseisoen en rustyd ervaar.

